
Meatmaster
Alliance
Meatmaster Veiling
Hoër Landbouskool
JACOBSDAL
11 April 2025
Tyd: 11:00
• 200 ooie
• 25 ramme
Meatmaster
PVC · 051 448 5832
Swift VEE
Vloer en aanlyn veiling
Navrae: Dawie 064 878 6140
GF 082 944 4646
PW 083 627 4133
Pieter 084 381 7893
VLEISSENTRAAL
Mario Kruger - 060 522 3906 • Danie Strauss - 072 585 4028 • Hendrik de Kock - 083 306 8402

# BEPALINGS EN VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN VERKOPE
# VLEISSENTRAAL PORT ELIZABETH (EDMS) BPK (1964/009227/07)

*(Hierna die "Maatskappy" genoem)*

1. Alle goedere en lewende hawe (hierna die "bates" genoem) word deur die Maatskappy as agent verkoop namens die Verkoper, wat hiermee die Maatskappy magtig om die verkoopsprys van die Koper te verhaal.
2. Die Verkoper waarborg hiermee dat daar geen beswarings op sodanige bates bestaan nie, dat die gemelde bates die eiendom van die Verkoper is, en dat die Verkoper bevoeg en wetlike daarop geregtig is om die bates van die hand te sit. Die Verkoper waarborg verder, soos teenoor die Koper, dat die bates vry is van verborge en ooglopende gebreke.
3. Die Maatskappy aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige onttrekking van bates van verkoop, of vir enige uitdruklike of stil-swygende verklarings of waarborge wat mondeliks deur sy agente of werknemers of deur die Verkoper self gegee mag word nie.
4. Die Verkoper wat die bates te koop aanbied, aanvaar alle aanspreeklikheid rakende alle inligting wat verskaf word wat betref stambome en opregtheid, ouderdomme, datums van diens, gesondheidstoestand of dragtigheid of enige ander besonderhede wat onjuis mag wees. Ingeval van enige geskil sal die Koper slegs 'n eis teen die Verkoper hê, en nie teen die Maatskappy nie.
5. Ingeval die Maatskappy ooreenkom om die verkoop van die bates te finansier ("die finansieringsooreenkoms"), sal die volgende van toepassing wees:
   - 5.1 Die finansieringsooreenkoms sal slegs in werking tree wanneer die Maatskappy aan die Verkoper 'n bedrag gelykstaande aan die koopprys van die bates oorbetaal, min enige bedrae wat deur die Verkoper in verband met die verkoop aan die Maatskappy verskuldig is.
   - 5.2 By betaling van die bedrag waarna in 5.1 hierbo verwys, word die Verkoper se reg, titel en belang in en tot enige eise en ander regte teen die Koper ingevolge of in verband met die verkoop van die bates, gesedeer en oorgedra aan die Maatskappy.
   - 5.3 Indien die Koper sou weier of andersins versuim om die koopprys te betaal binne 7 dae vanaf die datum van die betaling waarna in klousule 5.1 hierbo verwys word, is die Maatskappy daarop geregtig om
     - 5.3.1 rente van die Koper te eis teen die maksimum wat van tyd tot tyd ingevolge die Woekerwet, Nr. 73 van 1968, toegelaat word, bereken vanaf die datum van die aankoop tot en met die datum van skikking; en/of
     - 5.3.2 die bates in herbesit te neem, om dit weer te verkoop op risiko van die wanbetalende Koper, wat aanspreeklik sal wees vir alle koste in verband met die herverkoop en enige verlies of skade aangegaan, en nie geregtig sal wees op enige wins wat uit sodanige herverkoop mag voortspruit nie; en/of
     - 5.3.3 regsprosedures in te stel vir die betaling van enige bedrag verskuldig of vir die teruggawe van die bates, in welke geval die bepalings van klousule 5.3.2 sal geld;
     - 5.3.4 die Maatskappy se regskoste te verhaal, bereken teen die tarief van Prokureur en eie Kliënt, asook alle koste met betrekking tot verhaling, opsporing, berging en vervoer; en
     - 5.3.5 enige bates en ander eiendom in besit van die Maatskappy wat aan die Koper of die Verkoper behoort as pand en sekuriteit te behou vir die behoorlike vervulling van enige verpligting wat deur die relevante party aan die Maatskappy verskuldig is.
6. Die Verkoper waarborg teenoor die Maatskappy dat alle bates vry is van enige ooglopende of verborge gebreke en dat enige reg of eis wat ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes aan die Maatskappy gesedeer word, vry is van enige gebrek of reg van aftrekking of verrekening, en dat die gemelde reg of eis ten volle en onmiddellik teen die Koper afdwingbaar is.
7. Die Koper is nie daarop geregtig om enige betaling van die koopprys aan die Maatskappy te weerhou as gevolg van enige moontlike of hangende eis wat hy teen die Verkoper, gebaseer op wanvoorstelling of vir ander enige rede hoegenaamd, mag hê nie.
8. In die geval waar Kopers by 'n Veiling moet registreer, en sodanige geregistreerde Koper 'n ander persoon toelaat om met sy koperskaart te koop, is die geregistreerde Koper aanspreeklik vir die betaling van sodanige aankope. Geen bod deur 'n nie-geregistreerde koper sal deur die Maatskappy aanvaar word en die Koper sal geen eis hê met betrekking tot enige van die bates wat na bewering deur hom aangekoop is nie.
9. Onderworpe aan enige reserwe wat op enige van die Verkoper se bates geplaas word, en aan die bepalings van klousules 12 en 13 hieronder, is die Koper by enige veiling die hoogste bieër wat deur die Maatskappy se afslaer deur die val van die hamer aangedui word, of op sodanige ander wyse as wat hy mag kies.
10. Alle bates sal, onmiddellik nadat die bod afgeslaan is, geag word aan die Koper gelewer te wees.
11. Alle wins, verlies of risiko ten opsigte van die bates sal op die Koper oorgaan sodra dit aan die Koper gelewer is, wat dan op eie risiko en onkoste sodanige bates van die verkoopsplek moet verwyder.
12. Indien 'n vervoerkontrakteur enige bates van die verkoopsplek verwyder in opdrag van die Maatskappy, sal die kontrakteur geag word 'n agent van die Koper te wees, wat alle koste en risiko's in verband met sodanige verwydering aanvaar.

13. Die veiling vind onder die uitsluitlike beheer van die Maatskappy plaas. Die Maatskappy behou die reg voor om, geheel na eie goeddunke, die bod van enige persoon te weier, om die bieëry te reguleer, om die hoogste bieër aan te dui en om die orde van die veiling te enige tyd te verander sonder om redes daarvoor te verstrek. Indien die afslaer vermoed dat 'n bieër nie 'n bona fide-bod gemaak het nie, of nie in staat is om die koopprys te betaal nie of nie bevredigende reëlings vir die betaling van die koopprys getref het nie, mag hy weier om die bod van sodanige bieër te aanvaar of dit voorwaardelik aanvaar totdat die bieër hom tevrede gestel het dat hy in 'n posisie is om die koopprys te betaal of dat hy bevredigende reëlings vir die betaling daarvan getref het. Na weiering van 'n bod onder sulke omstandighede, mag die bates onmiddellik weer opgeveil word.
14. Ingeval 'n geskil tussen die bieërs ontstaan, sal die bates in geskil geheel na eie goeddunke van die Maatskappy weer opgeveil word.
15. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade veroorsaak deur of opgedoen ten opsigte van enige optrede deur die Maatskappy of sy helpers, werknemers of agente nie, nieteenstaande 'n onderneming om die bates in bewaring te neem, daarvoor te sorg, dit te versend of te lewer nie. Alle bates word voetstoots aan die Koper verkoop en die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige gebreke, verborge of andersins, wat met of sonder die kennis van die Maatskappy mag bestaan nie.
16. Die Koper moet voor die veiling hom vergewis van enige gebreke in die bates en enige bod deur 'n Koper word geag aanvaarding van die bates te wees, met enige ooglopende of verborge gebreke in hulle toestand ten tye van verkoop.
17. Die koopprys is betaalbaar in kontant, per krediet/debiet/tjekkaart of per elektroniese oorbetaling (tensy vooraf gereël met die maatskappy). Alle betalings vir aankope moet voor verwydering van die bates regstreeks aan die Maatskappy gemaak word, tensy spesifieke en bevredigende kredietreëlings skriftelik deur die Maatskappy bevestig is.
18. Die Maatskappy behou die reg voor om enige tjek as betaling te weier.
19. Nieteenstaande lewering, gaan eienaarskap van die bates nie oor op die Koper totdat die volle koopprys plus rente, indien betaalbaar, vereffen is nie.
20. Totdat alle bedrae verskuldig deur die Koper ten volle betaal is, onderneem die Koper hiermee
    20.1 onherroeplik om die gekoopte bates op so 'n wyse te identifiseer dat hy te enige tyd die bates wat geag word die eiendom van en verpand aan die Maatskappy te wees, kan identifiseer en aandui.
    20.2 aan die Maatskappy te alle redelike tye toegang te verleen tot die perseel waar die bates geberg word, vir die doeleindes van vervolmaking van sy pand en uitoefening van enige ander regte ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes.
21. Waar geen finansieringsooreenkoms aangegaan is nie, teen die val van die hamer en onderhewig aan bevestiging van die verkoop, sedeer en ken die Verkoper al sy regte, met inbegrip van sy reg om regsoptrede in te stel en om herinbesitneming en/of eienaarskap van die bates te eis, aan die Maatskappy toe, wat sessie en toekenning daarvan aanvaar, sodat die Maatskappy die koopprys kan verhaal. Indien die Koper sou versuim om die Maatskappy op aanvraag te betaal, is die Maatskappy daarop geregtig om die regte soos in klousules 5.3.1 tot 5.3.5 (beide ingesluit) hierbo uit te oefen.
22. Die Koper en die Verkoper stem hiermee in tot die jurisdiksie van die Landdroshof ingevolge Artikel 45 van die Landdroshofwet (Wet 32 van 1944, soos gewysig) vir enige regsaksie wat deur die Maatskappy teen die Koper ingestel mag word, alhoewel die Maatskappy daarop geregtig is om litigasie in enige Hof met regsbevoegdheid in te stel.
23. Die inskrywings wat gemaak is in die Maatskappy se vendu-rol sal dien as prima facie-bewys van die transaksie en sal bindind wees op sowel die Koper as die Verkoper.
24. ‘n Sertifikaat uitgereik deur ‘n Bestuurder van die Maatskappy, sal dien as prima facie-bewys van gelde verskuldig deur die Koper, of die Verkoper, of die Maatskappy.
25. Enige persoon wat namens 'n prinsipaal koop, moet voor die aanvang van die veiling 'n volmag aan die Maatskappy voorlê, by gebreke waaraan hy persoonlik aanspreeklik gehou sal word vir die betaling van enige aankope wat hy gemaak het. Die persoon wat namens die Koper bie of enige dokument onderteken in opvolging van 'n suksesvolle bod, verbind homself persoonlik as medehoofskuldenaar met die Koper vir die betaling van die koopprys en waarborg persoonlik dat al die verpligtinge van die Koper ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes nagekom sal word
26. Enige uitstel van betaling of toegewing wat deur die Maatskappy aan die Koper toegestaan word, sal nie die regte van die Maatskappy ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes benadeel nie, en sodanige uitstel of toegewing sal nie 'n wysiging of novasie van hierdie bepalings en voorwaardes uitmaak nie.
27. Alle persone wat die verkoopsplek betree, doen dit op eie risiko en die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige beserings, skade of verliese van enige aard hoegenaamd nie.
28. Die Maatskappy behou die reg voor om hierdie verkoopsvoorwaardes skriftelik te wysig.
29. Enige bates wat by wyse van veiling of uit-die-hand te koop aangebied of ingeskryf word, is onderhewig aan betaling deur die Verkoper van die ooreengekome kommissie of, in die afwesigheid van ooreenkoms, die gewone kommissie deur die Verkoper aan die Maatskappy teen die koers wat gebruiklik van tyd tot tyd deur die Maatskappy gehef word, ongeag of die bates by die veiling of daarna verkoop word, of te enige tyd uit die hand verkoop word. Tensy andersins skriftelik ooreengekom, word sodanige kommissie deur die Verkoper betaalbaar by die val van die hamer of by die aangaan van enige uit-die-hand-verkoopstransaksie met betrekking tot die Verkoper se gemelde bates, watter datum ook al die eerste voorkom, en nieteenstaande enige kontrakbreuk aan die kant van die Verkoper.
30. Ingeval van geregistreerde voertuie wat deur die Maatskappy verkoop word, is dit 'n spesifieke voorwaarde dat die Maatskappy nie die inligting met betrekking tot sodanige voertuie waarborg nie, en nie onderneem om die oordragdokumente en registrasie-sertifikate aan die Koper te voorsien nie. Dit is Koper se verantwoordelikheid om bogenoemde dokumente te bekom en hy is nie daarop geregtig om betaling te weerhou weens versuim aan die kant van die Maatskappy of die Verkoper om sodanige dokumente te voorsien nie.
31. Enige ooreenkoms teenstrydig met hierdie verkoopsvoorwaardes het geen bindingskrag hoegenaamd tensy dit op skrif gestel en bevestig en onderteken word deur 'n Bestuurder van die Maatskappy nie.

**OP LAS DIE AFSLAER**

# MEATMASTER ALLIANCE: RAMME

| Lot nr | Oor nommer | Teler | Ouderdom | Opmerkings | Inentingsprogram |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | D24-2 | D2 Meatmasters | 2 Tand | Tjoklit ram, pa is Leliekrans 181086 | Ovi-Clos P |
| 2 | M3208 | Rooigoud Meatmasters | 4 Tand | Lang ram, wat goeie manlikheid toon, met blink gladde bedekking | Cydectin & Ovi-clos P |
| 3 | M3190 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Jongram wat baie potensiaal het, baie kapasiteit, breedte & diepte | Cydectin & Ovi-clos P |
| 4 | K2312 | Rooigoud Meatmasters | 6 Tand | Sambuka: Top gebruiksram uit die Cognac lyn uit wat baie goed teel | Cydectin & Ovi-clos P |
| 5 | A1 | GF Van Rooyen | 4 Tand | Rooi ram, geteel uit Rooies van Leliekrans | Cydectin, Bloednier |
| 6 | LL23 615 | Rhus Lancea | 2 Tand | Overcast seun | Oviclos P |
| 7 | D24- 11 | D2 Meatmasters | 2 Tand | Sterk manlike ram, pa is Lelikrans 181086 | Ovi-Clos P |
| 8 | N3288 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Nat ram met baie mooi bedekking en sterk kop | Cydectin & Ovi-clos P |
| 9 | M3192 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Sopnat! Geteel uit Clinton Collett - Chief kleinseun (Baie potensiaal) | Cydectin & Ovi-clos P |
| 10 | Z3126 | Rooigoud Meatmasters | 4 Tand | Ram met baie mooi manlike vorm, lyfvet en diep met baie kapasiteit | Cydectin & Ovi-clos P |
| 11 | R 358 | Rooigoud Meatmasters | 6 Tand | Etzebet: Gebruiksram met baie sterk bene, baie harde ram! Sy ouma is een van Rooigoud se bestes! | Cydectin & Ovi-clos P |
| 12 | N3272 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Goed gebalanseerde ram, mooi stert met pragtige bedekking | Cydectin & Ovi-clos P |
| 13 | B1 | GF Van Rooyen | 2 Tand | Rooi ram, geteel uit Seal lyn van Clinton Collet | Cydectin, Bloednier |

# MEATMASTER ALLIANCE: RAMME

| Lot nr | Oor nommer | Teler | Ouderdom | Opmerkings | Inentingsprogram |
|---|---|---|---|---|---|
| **14** | LL24 100 | Rhus Lancea | Lam | Witgat seun | Oviclos P |
| **15** | D21-16 | D2 Meatmasters | Volbek | Jong Volbek gebruiksram uit vrugbare ooi. Mot Seun | Ovi-Clos P |
| **16** | 406 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Ram met karaktervolle kop, baie lank met pragtige tipe, nat ram! | Cydectin & Ovi-clos P |
| **17** | Ǿ3246 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Harde kudde ram | Cydectin & Ovi-clos P |
| **18** | U3160 | Rooigoud Meatmasters | 4 Tand | Uzi seun wat vir rekordprys op verlede jaar se veiling verkoop is | Cydectin & Ovi-clos P |
| **19** | Ǿ3221 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Jongram met baie mooi houding, beweeg baie goed | Cydectin & Ovi-clos P |
| **20** | C1 | GF Van Rooyen | 4 Tand | Rooi ram, geteel uit Rooies van Leliekrans | Cydectin, Bloednier |
| **21** | LL24 501 | Rhus Lancea | Lam | Witgat seun | Oviclos P |
| **22** | S3271 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Baie sterk ram - manlike kop met goeie neusbreedte, lang ram | Cydectin & Ovi-clos P |
| **23** | Q3273 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Manlikheid, karakter en baie sterk kop! | Cydectin & Ovi-clos P |
| **24** | S3253 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Jong rooi kudderam | Cydectin & Ovi-clos P |
| **25** | D1 | GF Van Rooyen | 4 Tand | Rooi ram, geteel uit Rooies van Leliekrans | Cydectin, Bloednier |

# MEATMASTER ALLIANCE: OOIE

| Lot nr | Oor nommer | Aantal diere in lot | Teler | Ouderdom | Opmerkings | Inentingsprogram |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 416, U421, U4135 | 3 | Rooigoud Meatmasters | Lam | Dogters van Uzi wat vir R87k verkoop is in 2024 | Cydectin & Ovi-clos P |
| 2 | LL268,LL219,LL265 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 3 | D22-6 | 1 | D2 Meatmasters | 6 Tand | Wit bont ooi | Ovi-Clos P |
| 4 | A1,A2 | 2 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooi ooie | Cydectin, Bloednier |
| 5 | N419, Q432, Q4822, Q410 | 4 | Rooigoud Meatmasters | Lam | Dogters van Quattro wat vir R40k verkoop is in 2024 | Cydectin & Ovi-clos P |
| 6 | S3278, M3148, Q3266, 3132, Q3225, S3289 | 6 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand | Mooi rooi teelooie, het by top teelramme geloop | Cydectin & Ovi-clos P |
| 7 | LL168,LL453,LL284 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 8 | LL735,LL116,LL201 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 9 | D23-67, D22-49 | 2 | D2 Meatmasters | 2 Tand - 6 Tand | Tjoklit ooie | Ovi-Clos P |
| 10 | B1,B2 | 2 | GF Van Rooyen | 2 Tand | Rooi ooie | Cydectin, Bloednier |
| 11 | C1,C2,C3 | 3 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooibont ooie | Cydectin, Bloednier |
| 12 | D1,D2,D3 | 3 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooi ooie | Cydectin, Bloednier |
| 13 | E1,E2,E3 | 3 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Bont ooie | Cydectin, Bloednier |

# MEATMASTER ALLIANCE: OOIE

| Lot nr | Oor nommer | Aantal diere in lot | Teler | Ouderdom | Opmerkings | Inentingsprogram |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 14 | F1,F2,F3,F4 | 4 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooi ooie | Cydectin, Bloednier |
| 15 | 2201, 2202, 2203 | 3 | Rooigoud Meatmasters | 6 Tand | Rooibont ooie met baie kapasiteit - top teelooie | Cydectin & Ovi-clos P |
| 16 | A1101, TB0323, 75.20, S1000 | 4 | Rooigoud Meatmasters | Volbek | Funksionele rooi ooie met baie sterk koppe | Cydectin & Ovi-clos P |
| 17 | LL431,LL432,LL172 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 18 | LL210,LL294,LL266 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 19 | D24-15, D24-7 | 2 | D2 Meatmasters | Lam - 2 Tand | Rooi ooie | Ovi-Clos P |
| 20 | G1,G2,G3,G4,G5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooi ooie | Cydectin, Bloednier |
| 21 | H1,H2,H3,H4,H5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Bont ooie | Cydectin, Bloednier |
| 22 | I1,I2,I3,I4,I5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Bont ooie | Cydectin, Bloednier |
| 23 | J1,J2,J3,J4 | 4 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 24 | K1,K2,K3,K4,K5 | 5 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 25 | TB0302, A1200, 1300, H2456, 181 | 5 | Rooigoud Meatmasters | 6 Tand & 1 x Volbek | Kwaliteit boerooie - hoe rooier hoe mooier! | Cydectin & Ovi-clos P |
| 26 | T937, TB2220, TB0316, D1123 | 4 | Rooigoud Meatmasters | Volbek | Top boerooie! | Cydectin & Ovi-clos P |

# MEATMASTER ALLIANCE: OOIE

| Lot nr | Oor nommer | Aantal diere in lot | Teler | Ouderdom | Opmerkings | Inentingsprogram |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 27 | LL151,LL737,LL278 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 28 | LL323,LL298,LL305 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 29 | D23-31, D23-35 | 2 | D2 Meatmasters | 2 Tand - 4 Tand | Rooibont ooie | Ovi-Clos P |
| 30 | L1,L2,L3 | 3 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 31 | M1,M2,M3,M4,M5 | 5 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 32 | N1,N2,N3,N4,N5 | 5 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 33 | O1,O2,O3,O4,O5 | 5 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 34 | P1,P2,P3,P4,P5 | 5 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 35 | 2417, 2418 | 2 | Rooigoud Meatmasters | Lam | Vroulike jongooitjies | Cydectin & Ovi-clos P |
| 36 | A1110, 2283, 69.20 | 3 | Rooigoud Meatmasters | 6 Tand | Rooibont ooie | Cydectin & Ovi-clos P |
| 37 | LL329,LL241,LL300 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 38 | LL289,LL193,LL272 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 39 | D24-33, D24-18, D24-5 | 3 | D2 Meatmasters | Lam | Wit bont ooie | Ovi-Clos P |

# MEATMASTER ALLIANCE: OOIE

| Lot nr | Oor nommer | Aantal diere in lot | Teler | Ouderdom | Opmerkings | Inentingsprogram |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 40 | Q1,Q2 | 2 | GF Van Rooyen | Lam | Rooibont ooitjies | Cydectin, Bloednier |
| 41 | R1,R2 | 2 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 42 | S1,S2 | 2 | GF Van Rooyen | Lam | Rooi ooijies | Cydectin, Bloednier |
| 43 | T1,T2,T3,T4,T5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | 5 Rooi ooie met 5 ooilammers | Cydectin, Bloednier |
| 44 | U1,U2,U3,U4,U5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | 5 Rooi ooie met 5 lammers | Cydectin, Bloednier |
| 45 | M3122, 3141, 25006 | 3 | Rooigoud Meatmasters | 2 Tand & 1x Lam | Witbont ooie | Cydectin & Ovi-clos P |
| 46 | LL130,LL695,LL283 | 3 | Rhus Lancea | Lam / 2 Tand | Loop by Difflock tot en met veiling | Oviclos P |
| 47 | D24-29, D24-11 | 2 | D2 Meatmasters | Lam | Rooi bont ooie | Ovi-Clos P |
| 48 | V1,V2,V3,V4,V5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | 5 Bont ooie met 5 lammers | Cydectin, Bloednier |
| 49 | W1,W2,W3,W4,W5 | 5 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | 5 Bont ooie met 5 ooilammers | Cydectin, Bloednier |
| 50 | X1,X2,X3,X4 | 4 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooibont ooie | Cydectin, Bloednier |
| 51 | Y1,Y2,Y3,Y4,Y5,Y6 | 6 | GF Van Rooyen | 4 Tand - Volbek | Rooibont ooie | Cydectin, Bloednier |
| 52 | TB0320 | 1 | Rooigoud Meatmasters | 6 Tand | Ooi met 'n ooilam, pragtige bedekking | Cydectin & Ovi-clos P |




VLEISSENTRAAL

# VLEISSENTRAAL PORT ELIZABETH | KAAP

*H/v 28ste laan & Buffelsfontein, Port Elizabeth 6001 | Posbus 6126, Walmer 6065*
*Tel: 041 001 0122 | www.vleissentraal.co.za*

**Besturende Direkteur (Port Elizabeth) :** Chris Troskie 072 709 7974

**Uitvoerende Direkteur (Aliwal-Noord):** Mario Kruger 060 522 3906

**Bestuurder Noord-Kaap & Afslaer (Colesberg):** André van Zyl 084 587 7660

**Bestuurder Kaap & Stoorlamkoördineerder (Mosselbaai):** Willem Botha 072 868 4087

**Speenkalfkoördineerder / Bemarker (Oos-Kaap):** Frits Marx 081 049 5829

**Finansiële Bestuurder:** Albert Gouws 063 681 7556 | **Bemakingsbestuurder:** Dirk Odendaal 072 493 9989

**Veilingkoördineerders:** Hendrik de Kock 083 306 8402 | Philip Lottering 063 253 3422

## BEMARKERS : VLEISSENTRAAL PORT ELIZABETH

**Barkly-Oos:** Rupert Potgieter 082 418 8118 | Milton Green 083 500 9695 | DB Nel 079 040 6517

**Beaufort-Wes:** Wilmar Pienaar 083 445 8100
**Cradock:** Johan Swart 081 335 6714
**Jansenville:** Nappie Erasmus 082 897 8791
**Molteno | Burgersdorp | Sterkstroom | Dordrecht:** Calvyn de Klerk 082 498 5745
**Phillipstown:** Rassie Smith 084 500 0149
**Strydenburg | De Aar:** Allan Buchanan-Clarke 084 233 1781

**Bethulie:** Hendré Calitz 071 876 8410
**Graaff-Reinet:** Phillip Piek 083 309 4144
**Middelburg:** Coert Vorster 072 211 5600
**Somerset-Oos:** Tiaan Troskie 072 122 0904

**Burgersdorp:** Pieter van Niekerk 081 043 0932
**Hanover:** Willem Liebenberg 082 376 6866
**Molteno:** Jannie van Straaten 082 891 7172
**Orania:** Johan Swanepoel 084 626 8510
**Steynsburg:** Jacques Louw 083 275 7446
**Zastron:** Blaine Dormehl 081 889 9486

## BEMARKERS : VLEISSENTRAAL KAAP

**Worcester:** Bartel Schutte 082 413 1285
**Bredasdorp / Caledon / Swellendam / Riversdal:** Pierre Erasmus 084 776 2507
**Upington:** Clement Penny 084 580 4707 | Christia Scholtz 079 541 5843 | Peter Scholtz 076 306 3812 | Riaan Liebenberg 083 383 7791 Chris Hendriks 083 4490 852
Stiaan von Weiligh 082 844 6604

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM | LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY

Meatmaster Alliance

# VERKOPERS / TELERS:

**D2 MEATMASTERS**

Dawie Human

0648786140

Bloemfontein

**GF VAN ROOYEN**

GF

0829444646

Luckhoff

**RHUS LANCEA MEATMASTERS**

Leon Lubbe

0745836789

Douglas

**ROOIGOUD MEATMASTERS**

Pieter-, Hanjo-, & Hannes Fourie

0843817893 / 0823710773 / 0824405911

Griekwastad / Olifantshoek

***Baie dankie vir u ondersteuning!***